Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik 50c Local
Buitelands 70c Other countries
Posvry • Post free

*Regulasiekoerant*
*Regulation Gazette*
No. 4205

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer*
*Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 275 PRETORIA, 5 MEI/MAY 1988 No. 11303

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

**No. R. 943** **5 Mei 1988**

WOEKERWET, 1968 (WET 73 VAN 1968)

REGULASIES BEOOG IN ARTIKELS 2 (1), (2) EN (3), 3A (2) (a) EN 15 (g)

Die Minister van Finansies het kragtens artikel 16 van die Woekerwet, 1968 (Wet 73 van 1968), die regulasies vervat in die Bylae uitgevaardig.

### BYLAE

1. Vir doeleindes van artikel 2 (1) van die Woekerwet, 1968 (Wet 73 van 1968) (hieronder in hierdie Regulasies die Wet genoem), is die verskillende persentasies, 26,0 persent ten opsigte van geldleningstransaksies van totale bedrae geld wat nie R6 000 oorskry nie, en 22 persent ten opsigte van geldleningstransaksies van totale bedrae geld wat R6 000 oorskry.

2. Vir doeleindes van artikel 2 (2) van die Wet is die verskillende persentasies beoog in daardie artikel, 26,0 persent ten opsigte van krediettransaksies van geldwaardes van die hoofskuld wat nie R6 000 oorskry nie, en 22,0 persent ten opsigte van krediettransaksies van geldwaardes van die hoofskuld wat R6 000 oorskry.

3. Vir doeleindes van artikel 2 (3) van die Wet is die verskillende persentasies beoog in daardie artikel, 26,0 persent ten opsigte van huurtransaksies van geldwaardes van die hoofskuld wat nie R6 000 oorskry nie, en 22,0 persent ten opsigte van huurtransaksies van geldwaardes van die hoofskuld wat R6 000 oorskry.

4. Vir doeleindes van artikel 3A (2) (a) van die Wet is die ander bedrag beoog in daardie artikel, R250 000.

5. Vir doeleindes van artikel 15 (g) van die Wet is die ander bedrag beoog in daardie artikel, R500 000.

6. Hierdie Regulasies tree in werking op 5 Mei 1988.

7. Regulasies 5 en 6 van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing R. 2566 van 5 Desember 1986 gepubliseer is en regulasies 1, 2, 3 en 4 van die regulasies wat by Goewermentskennisgewing R. 630 van 31 Maart 1988 gepubliseer is, word hierby met ingang van 5 Mei 1988 herroep.

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF FINANCE

**No. R. 943** **5 May 1988**

USURY ACT, 1968 (ACT 73 OF 1968)

REGULATIONS CONTEMPLATED IN SECTIONS 2 (1), (2) AND (3), 3A (2) (a) AND 15 (g)

The Minister of Finance has under section 16 of the Usury Act, 1968 (Act 73 of 1968), made the regulations contained in the Schedule.

### SCHEDULE

1. For the purposes of section 2 (1) of the Usury Act, 1968 (Act 73 of 1968) (hereinafter in these Regulations referred to as the Act), the different percentages contemplated in that section shall be 26,0 per cent in respect of money lending transactions where the total amount of money does not exceed R6 000 and 22,0 per cent in respect of money lending transactions where the total amount of money exceeds R6 000.

2. For the purposes of section 2 (2) of the Act, the different percentages contemplated in that section shall be 26,0 per cent in respect of credit transactions of money values of the principal debt not exceeding R6 000, and 22,0 per cent in respect of credit transactions of money values of the principal debt exceeding R6 000.

3. For the purposes of section 2 (3) of the Act, the different percentages contemplated in that section shall be 26,0 per cent in respect of leasing transactions of money values of the principal debt not exceeding R6 000, and 22,0 per cent in respect of leasing transactions of money values of the principal debt exceeding R6 000.

4. For the purposes of section 3A (2) (a) of the Act, the other amount contemplated in that section shall be R250 000.

5. For the purposes of section 15 (g) of the Act, the other amount contemplated in that section shall be R500 000.

6. These Regulations shall come into operation on 5 May 1988.

7. Regulations 5 and 6 of the regulations published under Government Notice R. 2566 of 5 December 1986 and regulations 1, 2, 3 and 4 of the regulations published under Government Notice R. 630 of 31 March 1988 are hereby repealed with effect from 5 May 1988.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**No. R. 944** **5 Mei 1988**

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP KREDIETOOREENKOMSTE, 1980 (WET 75 VAN 1980)

Kragtens die bevoegdheid hom verleen by Staatspresidentshandeling 5 van 1986, gedateer 18 Maart 1986, waarby artikel 3 van die Wet op Kredietooreenkomste, 1980 (Wet 75 van 1980), wat 'n bevoegdheid, plig of werksaamheid aan die Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie toewys en aan die Minister van Finansies opgedra is, het die Minister van Finansies die regulasies vervat in die Bylae, uitgevaardig.

**No. R. 944** **5 May 1988**

REGULATIONS IN TERMS OF THE CREDIT AGREEMENTS ACT, 1980 (ACT 75 OF 1980)

Under the powers granted him in terms of State Presidents' Action 5 of 1986, dated 18 March 1986, whereby section 3 of the Credit Agreements Act, 1980 (Act 75 of 1980), which assigns a power duty or activity to the Minister of Economic Affairs and Technology, has been charged to the Minister of Finance, the Minister of Finance made the regulations contained in the Schedule.

## BYLAE

1. Aanhangsel A.

| Kolom 1 | Kolom 2 | Kolom 3 |
|---|---|---|
| Goedere | Gedeelte van kontantprys | Afbetalingstermyn |
| | Persent | Maande vanaf datum van lewering |
| 1. Toerusting vir die slyp van krukasse | 40 | 24 |
| 2. Herboor- en soetslyptoerusting | 40 | 24 |
| 3. Lynboormasjiene | 40 | 24 |
| 4. Masjiene vir die vernuwing van suierstange | 40 | 24 |
| 5. Vlakslypers vir die motoringenieursbedryf | 40 | 24 |
| 6. Enjindinamometers | 40 | 24 |
| 7. Huishoudelike meubels, met inbegrip van tuinmeubels, matrasse, vloertapyte en vloermatjies, ongeag die materiaal waaruit hierdie artikels vervaardig is | 12 | 24 |
| 8. Elektriese en nie-elektriese toestelle vir huishoudelike gebruik, met inbegrip van radio's asook grammofone, klankopnemers en -weergewers, platespelers, band- en draaddekke, luidsprekers en klankversterkers en bybehore van hierdie artikels, maar uitgesonderd draagbare radio's en motorradio's en koolstowe | 12 | 24 |
| 9. Kampeertoerusting, met inbegrip van tente maar uitgesonderd woonwaens | 12 | 24 |
| 10. Juweliersware en onderdele daarvan, met inbegrip van uurwerke en horlosies | 12 | 24 |
| 11. Fotografiese en kinematografiese kameras, vergroters en verkleiners en projektors, met inbegrip van bybehore van hierdie artikels maar uitgesonderd toerusting vir bioskope en teaters, mikrofilmtoerusting en litografiese bereidingskameras | 12 | 24 |
| 12. Televisie-ontvangers en bybehore daarvan, maar uitgesonderd toekringtelevisietoerusting | 12 | 24 |
| 13. Televisie-antennestelsels en bybehore daarvan, maar uitgesonderd gemeenskaplike televisie-antennestelsels | 12 | 24 |
| 14. Videokassetopnemers en -terugspelers en videobandopnemers en -terugspelers | 12 | 24 |
| 15. Videokassette en videobande | 12 | 24 |
| 16. Elektroniese televisiespeletjies | 12 | 24 |
| 17. Meganies-aangedrewe motorvoertuie wat nie aan die bepalings van paragraaf 18 onderworpe is nie, met inbegrip van enige handelsvoertuig ongeag daarvan of sodanige motorvoertuig na die vervaardiging daarvan ingerig, gebou of aangepas is vir die vervoer van persone, maar uitgesonderd trekkers, oesmasjinerie, landboumasjinerie, en implemente en besproeiingsmasjinerie | 24 | 42 |
| 18. Meganies-aangedrewe passasiers-padmotorvoertuie wat so ontwerp is dat dit sitplek vir hoogstens 15 persons bied, met inbegrip van motorfietse en motordriewiele | 12 | 48 |

2. Aanhangsel A van die volgende word hierby ingetrek:

Goewermentskennisgewing R. 1962 van 30 Augustus 1985.

Goewermentskennisgewing R. 2283 van 4 Oktober 1985.

## SCHEDULE

1. Annexure A.

| Column 1 | Column 2 | Column 3 |
|---|---|---|
| Goods | Portion of the cash price | Period of payment |
| | Per cent | Months from date of delivery |
| 1. Crankshaft grinding equipment | 40 | 24 |
| 2. Reboring and honing equipment | 40 | 24 |
| 3. Line boring machines | 40 | 24 |
| 4. Connecting rod reconditioning machines | 40 | 24 |
| 5. Automotive surface grinders | 40 | 24 |
| 6. Engine dynamometers | 40 | 24 |
| 7. Household furniture, including garden furniture, mattresses, floor carpets and floor rugs, irrespective of the materials from which these articles are manufactured | 12 | 24 |
| 8. Electrical and non-electrical appliances for domestic use, including radios and gramophones, sound recorders and reproducers, record players, tape and wire decks, loudspeakers and amplifiers and accessories for these articles, but excluding portable radios and car radios and coal stoves | 12 | 24 |
| 9. Camping equipment, including tents but excluding caravans | 12 | 24 |
| 10. Jewellery and parts thereof, including clocks and watches | 12 | 24 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Column 1 | Column 2 | Column 3 |
|---|---|---|
| Goods | Portion of the cash price | Period of payment |
| | Per cent | Months from date of delivery |
| 11. Photographic and cinematographic cameras, enlargers and reducers and projectors, including accessories for these articles, but excluding equipment for cinemas and theatres, microfilm equipment and lithographic process cameras | 12 | 24 |
| 12. Television receivers and accessories therefor, but excluding closed circuit television equipment | 12 | 24 |
| 13. Television aerial systems and accessories therefor, but excluding communal television aerial systems | 12 | 24 |
| 14. Video cassette recorders and players and video tape recorders and players | 12 | 24 |
| 15. Video cassettes and video tapes | 12 | 24 |
| 16. Electronic television games | 12 | 24 |
| 17. Mechanically propelled motor vehicles not subject to the provisions of paragraph 18 including any commercial vehicle irrespective of whether such motor vehicle is subsequent to the manufacture thereof equipped, constructed or adapted for the conveyance of persons, but excluding tractors, harvesting machinery, agricultural machinery and implements and irrigation machinery | 24 | 42 |
| 18. Mechanically propelled road passenger motor vehicles designed to seat not more than 15 persons including motorcycles and motor-tricycles | 12 | 48 |

2. Annexure A of the following is hereby repealed:

Government Notice R. 1962 of 30 August 1985.

Government Notice R. 2283 of 4 October 1985.


## Spaar 'n druppel — en vul die dam

Indien almal van ons besparingsbewus optree, besnoei ons nie slegs uitgawes nie maar wen ook ten opsigte van ons kosbare water- en elektrisiteitsvoorraad



## Save a drop — and save a million

Water conservation is very important to the community and industry to ensure their survival. So save water!

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## INHOUD


| No. | | Bladsy No. | Staatskoerant No. |
|---|---|---|---|
| | **GOEWERMENTSKENNISGEWINGS** | | |
| | **Finansies, Departement van** | | |
| | *Goewermentskennisgewings* | | |
| R. 943 | Woekerwet (73/1968): Regulasies beoog in artikels 2 (1), (2) en (3), 3A (2) (a) en 15 (g) | 1 | 11303 |
| R. 944 | Wet op Kredietooreenkomste (75/1980): Regulasies | 2 | 11303 |


## CONTENTS


| No. | | Page No. | Gazette No. |
|---|---|---|---|
| | **GOVERNMENT NOTICES** | | |
| | **Finance, Department of** | | |
| | *Government Notices* | | |
| R. 943 | Usury Act (73/1968): Regulations contemplated in sections 2 (1), (2) and (3), 3A (2) (a) and 15 (g) | 1 | 11303 |
| R. 944 | Credit Agreements Act (75/1980): Regulations | 2 | 11303 |


Gedruk deur en verkrygbaar by die Staatsdrukker, Bosmanstraat, Privaatsak X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001. Tel. 323-9731 × 267

11303—1